
**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidensie



# Eindig Met Jou Fakkel Brandend

In vroeë Griekeland, het atlete deelgeneem aan ŉ aflos wedloop genaamd ŉ *lampadedromia*.[1] In die wedloop het deelnemers ŉ fakkel in hul hande gedra en dit oorgegee aan die volgende lid van hul span totdat die laaste persoon in die span oor die eindstreep gegaan het.

Die prys het nie gegaan aan die span wat die vinnigste gehardloop het nie-dit was toegeken aan die eerste span wat oor die wenstreep gehardloop het met hul fakkel steeds aan die brand.

Daar is ŉ diepgaande les hierin, een wat deur eertydse en hedendaagse profeete aan ons geleer word: terwyl dit belangrik is dat ons die wedloop klaar maak, is dit belangrikker dat ons klaar maak met ons fakkel steeds aan die brand.

## Salomo Het Sterk Begin

Die groot Koning Salomo is ŉ voorbeeld van iemand wat sterk begin het. Toe hy jonk was het hy "die HERE liefgehad deur in die insettinge van sy vader Dawid te wandel" (1 Konings 3:3). Die Here was behaag met hom en het gesê, "Begeer wat Ek jou moet gee" (1 Konings 3:5).

Instede daarvan om vir rykdom of ŉ lang lewe te vra, het Salomo vir "'ŉ opmerksame hart om reg te spreek oor u volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?" (1 Konings 3:9).

Dit het die Here só behaag dat hy Salomo nie net geseën het met wysheid nie, maar ook met onmeetbare rykdom en ŉ lang lewe.

Alhoewel Salomo tog baie wys was en baie goeie dinge gedoen het, het hy nie sterk geëindig nie. Meewarig het Salomo later in sy lewe, "gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE en nie volgehou om die HERE te volg . . . nie" (1 Konings 11:6).

## Om Ons Eie Wedloop Klaar Te Maak

Hoeveel keer het ons al iets begin en dit nie klaar gemaak nie? Dieëte? Oefen programme? Verpligting om die geskrifte daagliks te lees? Besluite om beter dissipels van Jesus Christus te wees?.

Hoefeel keer maak ons voornemens in Januarie en jaag dit na met rooi-warm vasberadenheid vir ŉ paar dae, ŉ paar weke, of selfs ŉ paar maande net om in Oktober te ontdek dat die vlam van ons vasberadenheid niks meer is as koue as nie?

Ek het op ŉ dag ŉ prentjie teë gekom van ŉ hond wat langs ŉ stuk papier lê wat hy verskeer het. Daarop het gestaan, "Sertifikaat van Honde Gehoorsaamheids Opleiding."

Ons is somtyds dieselfde.

Ons het goeie voornemens; ons begin sterk; ons will ons beste self wees. Maar aan die einde laat ons ons voornemens verskeerd, verwerp, en vergete.

Dit is menslik om te struikel, te misluk, en om somtyds in die middel van ŉ wedloop op te hou en uit die wedloop te ontrek. Maar, as dissipels van Jesus Christus het ons

onsself sig verbind nie net om die wedloop te begin nie, maar om dit klaar te maak — en om dit klaar te maak met ŉ brandende fakkel. Die Heiland het Sy dissipels belowe, "Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word" (Matthéüs 24:13)

Laat ek omskrywe wat die Heiland in ons dag belowe het: As ons Sy gebooie onderhou en klaar maak met ŉ brandende fakkel, sal ons die ewige lewe beërwe, wat die grootste van God se gawes is (sien L&V 14:7; sien ook 2 Nefi 31:20).

### Die Lig Wat Nooit Geblus Word Nie

Somtyds, nadat ons gestruikel het, gevaal het, of opgegee het, voel ons misnoeë en glo ons dat ons lig geblus is en dat die wedloop verlore is. Maar ek getuig dat die Lig van Christus nie geblus kan word nie. Dit skyn in die donkerste nag en sal ons harte weer aansteek as ons maar net ons harte oorgee aan Hom (sien 1 Konings 8:58).

Dit maak nie saak hoe gereeld of hoe vêr ons val nie, die Lig van Christus brand verewig helder. En tot in die diepste nag, as ons net nader stap aan Hom, sal Sy Lig die skadus verteer en ons siele weer aan die brand steek.

Hierdie wedloop as ŉ dissipel is nie ŉ naelloop nie, maar ŉ maraton. En dit maak geen verskil hoe vinnig ons hardloop nie. Die enigste manier hoe ons eindelik die wedloop kan verloor is om finaal in te gee of op te gee.

Solank as wat ons aanhou opstaan en in die rigting van die Heiland beweeg, wen ons die wedloop met brandende fakkels.

Want die fakkel is nie aangaande ons óf aangaande wat ons doen nie.

Dit is aangaande die Verlosser van die wêreld.

En dit is ŉ Lig wat nooit vlou kan word nie. Dit is ŉ Lig wat die duisternis verteer, ons wonde genees, en wat tot te midde van die diepste rou en ondenkbare duisternis gloei.

Dit is ŉ Lig wat alle verstand te bowe gaan.

Mag elkeen van ons die pad klaar loop wat ons begin het. En met die hulp van ons Heiland en Verlosser, Jesus Christus, sal ons jubelend met brandende fakkels klaar maak.

**NOTA**

1. *Harpers Dictionary of Classical Antiquities* (1898), "Lampadedromia," www.perseus.tufts.edu/hopper. Pausanias beskryf ŉ ander fakkel wedloop waarin die fakkel draers, moontlik een van elke volk, nie hulle fakkels aan ander oorhandig het nie. Maar net soos in die *lampadedromia,* was die wenner steeds die een wat eerste met ŉ brandende fakkel oor die wenstreep hardloop.

**ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP**

Oorweeg dit om diegene wat jy onderrig aan te moedig om na te dink oor waar hulle is in hul lewens "wedloop". Brand hulle fakkels voluit? Jy kan die sin herhaal wat noem dat die Lig van Christus ". . . Is ŉ Lig wat die duisternis verteer, ons wonde genees, en wat tot te midde van die diepste rou en ondenkbare duisternis gloei." Dink dan daaraan om met diegene wat jy onderrig te bespreek hoe die Lig van Christus al hulle lewens in die verlede beïnvloed het, en hoe dit nou hul lewens beïnvloed.

## JEUG

## Stook Jou Fakkel: Die 30-Dae Toets

Vir jeug in die Kerk wat besige lewens lei, is dit maklik om in ŉ roetine verstarring te val, veral aangaande geestelike dinge. Ons lees ons skriftiere, bid, en aanbid amper elke dag die selfde en dan wonder ons hoekom ons ons in ŉ geestelike depressie bevind.

Een manier om jou geestelike fakkel brandend te hou, is om seker te maak dat jy betekenisvolle geestelike ondervindinge geniet. Maar, dit is maklikker gesê as gedaan, so, hier is ŉ wenk om jou te help om geestelik aan te hou groei: Dink aan ŉ evangelie verwante aktiwiteit wat jy nog nooit gedoen het nie (of nie gereeld doen nie) en verbind om dit elke dag vir ŉ maand lank te doen. Jy kan klein begin, want jy sal vind dat dit makliker is om klein veranderinge in blywendes om te sit. Wanneer ons dinge doen wat ons uit ons geestelike gemoedsrus neem, mag dit meer geloof verg, maar wanneer ons dit doen, nooi ons die Heilige Gees uit om saam met ons te wees, en ons toon grooter geloof in Hemelse Vader, en ŉ begeerte om nader aan Hom te beweeg. Hier is ŉ paar idees om jou daarmee te help begin:

- Stel ŉ doel om jou gebede soggens en saans te sê. Probeer om hardop te bid.
- Word 15 minute vroeër wakker en lees jou skriftiere voor skool.
- Lees ou algemene konferensie toesprake.
- Pos ŉ skriflesing uit die Boek van Mormon op sosiale media.
- Luister na gesange of Kerk musiek in stede van jou normale musiek.

## KINDERS

# Laat Jou Fakkel Helder Skyn

'n Lang tyd gelede was daar 'n wedloop in Griekeland, waartydens die deelnemers brandende fakkels gedra het. Wie ook al die hele wedloop voltooi het met hul fakkel steeds aan die brand, het die wedloop gewen. President Uchtdorf sê dat die lewe soos daardie wedloop is. Die fakkel wat ons vashou, is die Lig van Christus. Wanneer ons probeer om meer soos Jesus Christus te wees, maak ons dat ons fakkels meer helder brand.

Watter dinge kan ons doen, om meer soos Jesus Christus te wees en om te maak dat ons fakkels meer helder brand? Kies uit die lys hier onder:

Glimlag en groet iemand wat eensaam lyk
Bly kwaad vir iemand
Versorg jou liggaam
Bespot jou broer of suster
Gehoorsaam die profeet
Gee op as jy 'n fout gemaak het
Help iemand

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15 Vertaling van die *First Presidency Message, October 2015*. Afrikaans. 12590 501

# Die Eienskappe van Jesus Christus: Gevul met Naasteliefde en Liefde

*Met gebed, bestudeer hierdie materiaal en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer informasie, gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

**Geloof, Familie, Verligting**

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat eienskappe van die Redder bevat.*

Die definisie vir naasteliefde in die Gids tot die Skriftiere is "die hoogste, grootmoedigste, sterkste vorm van liefde" ("Naasteliefde"). Dit is die ware liedfde van Jesus Christus. Soos wat ons meer aangaande Jesus Christus leer en strewe om meer soos Hy te word, sal ons begin om Sy ware liefde in ons lewens te voel en sal ons aangespoor word om ander lief te hê en te dien soos Hy dit sou doen. "Naasteliefde is om gedult te hê met iemand wat ons teleur gestel het," het President Thomas S. Monson gesê. "Dit is om die gevoel te weerstaan om maklik aanstoot te neem. Dit is om swakheid en te kortkominge te aanvaar. Dit is om mense te aanvaar soos wat hulle regtig is. Dit is om verby fisiese voorkoms te kyk na kenmerke wat nie deur tyd verdof kan word nie. Dit is om die gevoel te weerstaan om ander te katagoriseer."[1]

In die Boek van Mormon, leer ons dié groot waarheid dat ons moet "bid tot die Vader met al die energie van [ons] harte, dat [ons] vervul mag word met hierdie liefde, wat Hy gegee het aan almal wat ware volgelinge is van sy Seun, Jesus Christus; sodat [ons] die seuns [en dogters] van God mag word; sodat wanneer Hy sal verskyn, ons soos Hy sal wees, want ons sal Hom sien soos Hy is; sodat ons hierdie hoop mag hê; sodat ons gereinig mag word, net soos Hy rein is" (Moroni 7:48).

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Johannes 13:34–35; 1 Korinthiërs 13:1–13; 1 Nefi 11:21–23; Et-her 12:33–34

### *Uit Ons Geskiedenis*

"'n Suster wat onlangs 'n weduwee geword het was so dankbaar vir haar vroue besoekers wat saam met haar rou betoon het en haar getroos het. Sy't geskryf: 'Ek het desperaat iemand nodig gehad om na toe uit te ryk; iemand wat na my sou luister. . . . En hulle het na my geluister. Hulle het my vertroos. Hulle het saam met my geween. En hulle het my vasgehou . . . [en] het my uit die diepe depressie en verdriet van daardie eerste eensame maande gehelp.'

"Nog 'n vrou het haar gevoelens as volg opgesom toe sy ware liefde van haar vroue besoeker ontvang het: 'Ek het geweet dat ek meer as net 'n nommer op die rekord boeke was wat sy moes besoek. Ek het geweet dat sy vir my omgegee het.'"[2]

Net soos hierdie susters, kan menigte Heiliges rondom die wêreld getuig van die waarheid van die verklaaring van President Boyd K. Packer, President van die Kworum van die Twaalf Apostels: "Wat 'n vertroosting is dit nie om te weet dat dit nie saak maak waarheen in die wêreld ['n familie mag] gaan nie, daar sal altyd 'n Kerk familie wees wat vir hulle wag. Van die dag wat hulle daar aanland, sal hy 'n lid wees van 'n Kworum, en sy sal aan die Verligtings Vereeniging behoort."[3]

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Die Liefde Vergaan Nimmermeer" *Liahona,* Nov. 2010, 124.
2. *Dogters in My Koninkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Verligtings Vereeniging* (2011), -120.
3. *Dogters in My Koninkryk,* 87.

### *Ter Oorweeging*

Hoe is Jesus die perfekte voorbeeld van liefde en nassteliefde?

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15. Vertaling van *Visiting Teaching Message, October 2015.* Afrikaans. 12590 501